## 9 Mei - HAKSKEEN

**Skrifgedeelte: Genesis 3:1-15 (OAV/NAV)**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:1a en 15**

Die "moederbelofte" in Genesis 3:15 is welbekend. God se reddingsdade spruit hieruit voort en word uiteindelik in Jesus Christus vervul. Hý is die saad van die vrou wat Satan oorwin (Gal 4:4). Aan die kruis sterf Hy, ja. Maar Hy staan ook op uit die dood.

Tog moet 'n mens mooi op die orde in hierdie belofte let. God stel dit eers in die vooruitsig dat die slang se kop vermorsel sal word, voordat Hy sê dat die slang die vrou se nageslag aan die hakskeen sal byt.

Hierdie orde is nie noodwendig chronologies nie, maar dui eerder op wat die mees deurslaggewende is: Christus se oorwinning.

Maar kyk fyn: God sê dat die slang aan die *hakskeen* sal byt – nie aan die toon nie. Die aanval kom van agter (vgl. Gen 49:19, in beide vertalings). Die aanval kom agterna wanneer die dodelik gewonde slang terugpik. Openbaring 12:12 sê: "Daarom, hemel en dié wat daarin bly, verheug julle. Maar vir julle, land en see, wag daar ellende omdat die duiwel na julle toe gekom het met groot woede en met die wete dat hy min tyd het."

Weet daarom vandag: Jesus Christus het vir ons sondes gesterf. Hy het opgestaan en lewe. Hy regeer. Hy kom weer. Maar wees intussen versigtig vir die laaste stuiptrekkings van die slang, die vader van die leuen en bedrog. Hy wil jou mislei.

Moenie hom vandag vatkans gee nie. Moenie toelaat dat hy jou skelm van agter bykom nie. Moenie dink dat, noudat Jesus se oorwinning verseker is, jy maar met die sonde in jou lewe kan speel en dat jy jou nie dadelik hoef te bekeer nie: "Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel" (Ef 6:11). Lees gerus ook Jakobus 1:12-15.

*Sing: Psalm 31:1, 3, 17 (1936-beryming)/Psalm 31:1, 2, 6, 7 (2001-omdigting)*

*Ds DF Muller (Buffeldoorns)*